

20 September

Skrifgedeelte: Johannes 15:9-17
Fokusgedeelte: Johannes 15:11

Die ware blydschap van in-Christus-bly

Was ons gister en eergister nog by die skadu's? Van vreugde oor die tempelbou en oor die goeie nuus vir die Jode in ballingskap? Dan is ons vandag by die vervulling, by Hom waarvan dit alles getuig het.

Ons Here Jesus is besig met sy laaste onderrig aan sy dissipels. Eintlik 'n afskeidsgesprek. Hy gaan weg. Hulle harte is vol droefheid daaroor (16:6). Maar dis nie 'n weggaan wat verwydering bring nie. Inteendeel: hulle kry die opdrag: "*Bly in My.*" En Hy verduidelik dit met die beeld van die wingerdstok en die lote. Hy is die ware wingerdstok. Ons die lote. As ons in Hom bly, lewe ons, dra ons vrug.

Dit is die hart van die evangelie, die blye boodskap in 'n neutedop: dat ons deur die geloof in Hom kan bly, deel van Hom kan wees, in Hom kan lewe, die ware, ewige lewe, nou reeds. Want Hy is die lewe. Hierdie "*bly in My*" is die band van geloof. Daarmee het hierdie gesprek begin (14:1). Dis nie 'n sware las nie, maar 'n band van liefde. "*Bly in hierdie liefde van My.*"

En dan gee Jesus self die rede hoekom Hy dit aan ons verkondig: "... sodat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word." Dit kan nie anders nie, die blye boodskap maak van ons blye mense. Ons kan nie hierdie heerlike woord hoor, hierdie "*bly in My*" beleef, en lang-gesig bly nie. Die ware, innige vreugde, die blydschap in die Here: dit is die spontane gevolg vir elkeen wat in Hom bly.

Dis nie 'n goedkoop *Halleluja!* om elke draai nie. Dis 'n innige vreugde, 'n lewensblyheid. 'n Blydschap wat straal uit 'n hart wat in Christus vrede het met God.

Hierdie boodskap moes by die dissipels vasgesteek het, want toe Hy die dag van hulle weggaan, met sy hemelvaart, is hulle gevul "*met groot blydschap*" (Luk 24:49).

En jy? Is jy dalk vandag swaarmoedig, terneergedruk, sonder lewensvreugde? Hy alleen bring ware blydschap, volkome blydschap. Vind dit weer deur net maar "*in Hom te bly*".

Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9 (melodie Ps. 149)

Ds. C Aucamp (Bergsig/Andeon)